Dit sluit diesulkes soos Johannes Kepler, Francis Bacon, Galileo Galilei, Isaac Newton, Karl van Linnius, Charles Babbage, Blaise Pascal, Samuel Morse, Matthew Fonteine Maury, James Simpson, George Washington Carver en nog vele meer in. Sir Michael Faraday, wat elektromagnetiese induksie ontdek het en die kragopwekker uitgevind het, het die volgende opgemerk: *"The Bible, and it alone, with nothing added to it or taken away from by man, is the sole and sufficient guide for each individual, at all times and in all circumstances… Faith in the Divinity and the work of Christ is a gift of God, and evidence of this faith is obedience to the commandments of Christ."*

Die Oppergesag van die Reg

Die fondasie van die Oppergesag van die Reg is deur Koning Alfred van Engeland daargestel wat sy kode met die Tien Gebooie, die Wet van Eksodus, die Goue Wet van Christus en ander Bybelse beginsels bekendgemaak het. Die *Magna Carta* van 1215 was die eerste geskrewe beperking op die mag van die regering. Dit is geskryf deur 'n predikant en goed deurweek met Bybelse beginsels.

Die Grootste treffer

Die Bybel is die nommer een treffer van alle tye. Die Bybelgenootskap alleen het 'n wêreldverspreiding van 24 miljoen Bybels, 26 miljoen Nuwe Testamente en 577 miljoen Bybeldele elke jaar. Dit sluit nie die meer as 1 miljoen Nuwe Testamente in wat weekliks deur die Gideons versprei word; die Nuwe Testamente wat deur die Pocket Testament League versprei word; die meer as 80 miljoen Bybels wat jaarliks deur die Bybelgenootskap verskaf word of die meer as 30 miljoen Bybelboeke en traktaatjies wat deur die World Missionary Press en Scripture Gift Mission uitgegee word nie.

Dan word daar ook nog Bybels verkoop deur Zondevan, Thomas Nelson, Tyndale en andere. Daar word geskat dat meer as 30 miljoen Bybels en meer as 100 miljoen bekendgemaak het.

Die Nuwe Testament van die Bybel, of ten minste die Evangelies, is in meer as 2 300 verskillende tale wêreldwyd gepubliseer.

Onvergelykbaar

Daar is geen ander boek wat met die Bybel vergelyk kan word in waarde, inspirasie, belangrikheid, en die hoeveelheid tale waarin dit vertaal is nie. Geen ander boek kan vergelyk work met die Bybel wanneer dit kom by hoeveel verkoop is nie, hoe gereeld dit gelees word nie, of sy wêreldwye impak regdeur die geskiedenis nie.

Maar tog is die Bybel die meeste aangeval regdeur die geskiedenis. Vanaf die tyd van Nero, regdeur die tien golwe van vervolging deur Keiserlike Rome, deur tot by Diocletian – die Romeine het aanhoudend probeer om van alle Bybels ontslae te raak. Tog, ten spyte van die golwe van onderdrukking deur Rome en die verwoesting van die Barbare en die Vikings, en intensiewe veldtogte

van vervolging, soos onder Stalin se Soviet Unie, en Mao Tse Tung se Rooi Sjina, bly die Bybel die beste verklarende boek van antikwiteit. Meer as 1700 Hebreëse manuskripte van die Ou Testament bestaan nog. Daar is ook meer as 5000 Griekse manuskripte van die Nuwe Testament, 8000 Latyns en 1000 ander antieke weergawes van die Nuwe Testament wat nog bestaan.

Soos Dr. Martin Luther verklaar het: *"Dit is 'n wonderwerk hoe God vir so lank Sy Boek bewaar het! Hoe wonderlik en glorieryk is dit om God se Woord te hê!"*

Die Boek van alle Boeke

Aardsbiskop Thomas Cranmer, wie sy lewe vir die boodskap van die Skrif gegee het, het verklaar: *"Die Woord van God is hoër as die Kerk."*

Amerikaanse Stigtingsvader Patrick Henry het verklaar: *"Die Bybel is werd al die ander boeke wat al ooit gedruk is."*

Generaal Robert E. Lee skryf: *"Die Bybel is 'n boek, wat in vergelyking met alle ander boeke, in my oë, hulle van minder belang maak; wat in al my komplikasies en nood nooit versuim om aan my lig en krag te bied nie."*

Amerikaanse President Abraham Lincoln het gesê: *"Dit is die beste geskenk wat God die mens gegee het. Alles wat die goeie Verlosser aan hierdie wêreld gegee het, was deur hierdie Boek gekommunikeer. Voor dit kon ons nie reg en verkeerd onderskei nie. Alle dinge wat mees begeerlik is vir die mens se welsyn, nou en hierna, word in dit geskets."*

W. E. Sangster het gesê: *"Die Christen voel dat die tande van tyd knaag aan all boeke buiten die Bybel…19 Eeue van ondervinding het dit getoets. Dit het deur kritiese vure deurgeloop wat geen ander volume al verduur het nie en sy geestelike waarheid het vlamme verduur en deur dit gekom sonder eers 'n enkele reuk van 'n brand."*

V. S. President Woodrow Wilson het verklaar: *"'n Man ontneem homself van die beste in die wêreld as hy homself van die volgende beroof, 'n kennis van die Bybel. Wanneer jy die Bybel gelees het sal jy weet dit die Woord van God is, want jy het in dit die die sleutel tot jou eie hart gevind, en ook jou eie geluk en jou eie verpligting."*

Die Prins van Prekers, Charles Spurgeon, het verklaar: *"Niemand ontgroei die Skrif nie; die Boek verbreed en verdiep met ons jare."*

Johan Flavel het geskryf: *"Die Skrif leer ons die beste manier om te lewe, die grootmoedigste manier van swaarkry, en die mees gemaklikste manier van sterwe."*

Noah Webster het gesê: *"Onderrig is nutteloos sonder die Bybel."*

President Theodore Roosevelt het verklaar: *"'n Deeglike kennis van die Bybel is meer werd as kollege opleiding."*

Noah Webster het gesê: *"Die morele waardes en voorbeelde in die Bybel vorm die basis van al ons siviele konstitusies en wette…al die ellende en onheil wat die mens deurgaan – misdaad, ambisie, onreg, oppressie, slawerny en oorlog – het hulle oorsprong van die mens wat die bevele van die Bybel afskeep en verag."*

R. A. Torey het gesê: *"'n Ware wyse mens is hy wat die Bybel altyd glo bo die opinies van enige mens."*

Wetenskaplike Johan Newton het verklaar: *"Ek sal al die klaarblyklike teenstrydighede in die Bybel neerlê as my eie onkunde."*

Duitse wetenskaplike Professor Wernher von Baun, wie vuurpyl wetenskap gepioneer het en toesighouer was van die Apollo Ruimte Projek, het verklaar: *"In dierdie leeftyd van ruimtevaart waar ons die moderne wetenskaplike gereedskap gebruik om na nuwe areas van menslike aktiwiteit te bevorder, die Bybel…bly in alle opsigte 'n Boek op datum. Ons kennis en gebruik van die natuurwette wat ons in staat stel om na die maan te vlieg, stel ons ook in staat om ons tuiste planeet te verwoes met die atoombom. Wetenskap alleenlik beantwoord nie die vraag of ons die mag moet gebruik tot ons eie beskikking vir goed of kwaad nie. Die ruglyne van wat ons behoort te doen is gesetel in die morele Wet van God."*

Die Outeur van die allebekende Webster Woordeboek, Daniel Webster, het gesê: *"As ons bly by die beginsels van die Bybel sal ons land floreer en meer floreer; maar as ons die Bybel se opdragte en outoriteit ignorer, kan geen man sê hoe skielik katastrofie ons sal oorweldig en ons glorie begrawe in diep donkerte nie."*

Biskop J. C. Ryre het gesê: *"'n Bybel-lesende leke is 'n nasie se waarlike weerstand teen fout."*

Die Woord van God

Feitlik elke blad van die Bybel bevat woorde soos; *"Die Here het gesê…"* , *"God het gespreek"* , *"Die Woord van God het gekom…"* Die Evangelies is op baie **noukeurige navorsing**, **historiese feite** en **ooggetuienis** gebaseer.

Die geneesheer Lukas het sy Evangelie ingelei met hierdie woorde: ***"Hulle het dit opgeteken soos dit aan ons oorgelewer is deur die mense wat van die begin af ooggetuies en dienaars van die Woord was. Daarom het ek dit ook goedgedink om self alles stap vir stap van voor af te ondersoek en die verhaal noukeurig in die regte volgorde neer te skryf. So kan u te wete kom dat die dinge waaroor u onderrig is, heeltemal betroubaar is"***
Luk 1:2-4

Die apostel Johannes het geskryf: ***"Van die begin af was Hy daar. Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom gevat. Hy is die Woord en die Lewe. Die Lewe het gekom; ons het Hom gesien en is getuie daarvan, en ons verkondig aan julle die Ewige Lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is. Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is dié met die Vader en met Sy Seun, Jesus Christus. Dit skryf ons sodat ons blydskap volkome kan wees."*** 1 Joh 1:1-3

"Dit veral moet julle weet: geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie," 2 Pet 1:20

"Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die word wat van God kom, verkondig." 2 Petrus 1:21

"God het op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete…deur die Seun.." Hebreërs 1:1-2

***"In die verlede het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete,…"* Heb 1:1-2**
"God noem hulle tot wie Sy Woord gekom het, dus 'gode', en wat daar geskrywe staan, kan nie verander word nie." Joh 10:35

"Maar die Woord van die Here, dit bly vir ewig. En hierdie woord is die evangelie wat aan julle verkondig is." 1 Pet 1:25
"Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in die diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk." 2 Tim 3:16, 17

Oorweldigende Getuienis

Ons kan nie die getuienis van Jesus Christus aanvaar sonder om die gesag van die Ou Testament wat Hy geleef, geleer en gesmeek het om in vervulling te gaan, te aanvaar nie. Ons moet ook besef dat Jesus baie versigtig te werk gegaan het om sekere mense te kies en as Sy dissipels op te lei. Hy het hulle 'n spesiale salwing met die Heilige Gees gegee (Joh 20:21; Hand 1:8).

Hy het belowe om hulle die Heilige Gees te stuur om hulle in die volle Waarheid in te lei. Jesus het geleer dat Sy Woorde 'n unieke lewenskrag het (Joh 6:63; 15:3); Sy Woorde sal nooit verbygaan nie (Markus 13:31) en Sy Woorde moet gehoor en gehoorsaam word. (Mat 5:17-48; 7:24; Joh 8:31-38; 14:23).

DIE MEES INVLOED RYKENDE BOEK

IN DIE WÊRELD

Ons kan ook appél maak op **profesieë wat reeds vervul is**. Tydens Sy lewe hier op aarde het Jesus Christus meer as 300 Ou Testamentiese profesieë vervul. **Argeologiese opgrawings en historiese bewyse** ondersteun hierdie interne getuienisse oor die akkuraatheid en uniekheid van die Bybel.

Die oortuigendste van almal is dat ons na die **unieke impak van die Bybel op miljoene lewens** oor eeue heen kan wys, en nou ook op ons lewens. Sommige skeptici mag glo dat die Bybel nie die Woord van God is nie, maar hulle moet 'n hele klomp opstapelende getuienis ignoreer ten einde dit te kan doen. Die krag van God's Woord darem!

Die Bybel is:
Die Bron van Waarheid: ***"Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U Woord is die waarheid."*** Joh 17:17

Die bron van God se seën: ***"Maar Hy sê: "Nog meer bevoorreg is hulle wat die Woord van God hoor en dit onderhou."*** Luk 11:28

'n Bron van krag: ***"Ek skaam my nie vir die Evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, in die eerste plek vir die Jood, maar ook vir die nie-Jood."*** Rom 1:16

Die bron van Geestelike leiding: ***"U Woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad."*** Ps 119:105

Onfeilbaar: ***"Die Woord van die Here is volmaak: dit gee lewe. Die onderwysing van die Here is betroubaar: dit gee wysheid aan die wat nog onervare is."*** Ps 19:7

Foutloos: ***"Elke woord van God is gelouter; Hy is 'n skild vir die wat by Hom skuil."*** Spr 30:5

Finaal: ***"U Woord, Here, staan vir altyd vas in die hemel."*** Ps 119:89

Volledig: ***"Ek betuig aan almal wat die woorde van hierdie profetiese boek hoor: as iemand iets hieraan byvoeg, sal God vir hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is; en as iemand een van die woorde van hierdie profetiese boek wegneem, sal God sy deel aan die boom van die lewe en die heilige stad wegneem waarvan in hierdie boek geskrywe is."***
Openb 22:18-19



Die Bybel sal bereik wat dit moet bereik: ***"So sal die woord wat uit my mond uitkom ook wees: dit sal nie onverrigter sake na my toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit uitgestuur het."*** Jes 55:11

Dus moet ons die Bybel: **glo** (Joh 6:68-69), **eer** (Joh 29:18), **bestudeer** (Esra 7:10), **liefhê** (Ps119:97), **gehoorsaam** (1 Joh 2:5), **bewaar** (1Tim 6:20), **verdedig** (Judas 3), en **preek** (2 Tim 4:2). Dit is die Woord van God!

Dr. Peter Hammond
Africa Christian Action
Posbus 23632 Claremont
7735 Kaapstad Suid Afrika
Tel: 021 689 4480
Faks: 021 685 5884
info@christianaction.org.za
www.christianaction.org.za

DIE MEES INVLOED RYKENDE BOEK IN DIE WÊRELD

'n Persoon kan nie van die Bybel praat sonder om in die oortreffende trap te praat nie. Dit is the mees-geleeste boek in die wêreld. Dit is die mees-vertaalde boek in die hele geskiedenis. Dit is nog altyd die beste verkoper deur die hele geskiedenis tot dusvêr. Dis is die mees waardevolle boek in die wêreld. ('n Enkele kopie van die Gutenberg Bybel was onlangs verkoop vir $4 miljoen. Een kopie van William Tyndale se oorspronklike gedrukte Nuwe Testament was verkoop vir meer as £1.5 miljoen.

Die Bybel is die waardevolste boek van alle tye. Daar is geen kwessie dat dit die mees lewensveranderende boek is wat ooit geskryf is nie.

Die Bounty Bybel
Fletcher Christian het op 28 April 1789 die mees populêre opstand teweegebring, op die Engelse skip HMS Bounty, in die Suid-Stille Oseaan. Die kaptein, William Bligh, en die wat lojaal aan hom was, was in 'n oorlaaide reddingsbootjie geplaas en wonderbaarlik gestuur reg oor die Stille Oseaan, 3700 myl na Timor.

Die wederstrewiges op die Bounty het dadelik begin stry oor wat hulle volgende moes doen. Fletcher het na Tahiti teruggekeer en het sommige van die wederstrewiges daar agtergelaat; hy het vroue ontvoer, sommige geneem as slawe, en het verder getoer met die oorblywende wederstrewiges, 1000 myl na die onbewoonde Pitcairn Eiland. Die groep het daar baie vinnig uitgerafel. Hulle het whiskey gestook vanaf 'n inheemse plant. Dronkenskap en chaos het hulle kolonie beskryf. Siekte en moord het vinnig meeste van die mans se lewens geneem, insluitende Fletcher. Binnekort was daar net een man oor, Alexander Smith. Smith het homself gou bevind as die enigste man op die eiland, omring deur 'n verskeidenheid van vroue en kinders.

Smith vind toe die afgeskeepte Bounty Bybel. Soos wat hy dit gelees het, het hy 'n hartsverandering beleef, en het toe die oorlewendes van die gemeenskap begin leer van die Bybel. Hy het hulle geleer van die Skrif en hoe om dit in hulle lewens te implementeer. Die Boodskap van Jesus Christus het hulle lewens so radikaal verander dat, 20 jaar later, in 1808, toe die bemanning van die *Topaz* land op die eiland, hulle 'n vreugdevolle gemeenskap van Christene vind, wat lewe in vrede en voorspoed – vry van misdaad, kwaal en sonder moord of oproer.

Daardie Bybel wat die mense van Pitcairn Eiland getransformeer het is nou op uitstalling in die kerk van Pitcairn, as 'n monument van sy transformerende Boodskap.

Die Fondasie van die Westerse Beskawing
Die invloed van die Bybel op die Westerse Beskawing is enorm. Professor William Phelps van Yale het opgemerk: "Our civilization is founded upon the Bible. More of our ideas, our wisdom, our philosophy, our literature, our art and our ideals come from the Bible than from all other books combined."

Die Bybel was die inspirasie vir van die grootste letterkunde, kuns, argitektuur, die ontdekkingsera, wêreldsendings, die oppergesag van die reg, magskeiding, verteenwoordigende regering, wigte en teenwigte, die heiligmaking en soveel meer. Dit is die Bybel wat ons die era van meelewing, liefdadigheid, vryheid en regverdigheid ingelei het. Die Tien Gebooie is die morele en wetlike basis van die Westerse beskawing.

Die meeste van die wêreld se tale is eerste deur die Christen-sendelinge neergeskryf.

Die eerste boek in die meeste van die wêreldtale, is die Bybel. Opvoedkundige Noah Webster het verklaar:

"Die Bybel is the hoof morele oorsaak van alles wat goed is, en die beste korrektief van alles wat boos is in die menslike samelewing; die beste boek om die tydsgebonde kwellinge van die mens te reguleer, en die enigste boek wat kan dien as 'n onfeilbare riglyn… die beginsels van ware vryheid, en van die wyse wette van administrasies, moet van die Bybel verkry word en volgehou word deur die Bybel se outoriteit."

Selfs Napoleon Bonaparte het erken: "Die Bybel is meer as net 'n boek, maar 'n lewende krag wat alle teenkanting oorwin."

Die Fondasie van die Moderne Wetenskap
Al die groot pionier-wetenskaplikes wat die fondasie vir die moderne fisika, sterrekunde, meetkunde, dinamika, oseanografie en elke ander vertakking van die wetenskap gelê het, het die Bybel erken as die fondasie en inspirasie van hul werk.